Durable, eco-friendly lime-based paint

INTERIOR & EXTERIOR

Tradisionele kenmerke, moderne wetenskap…
Nature-all bring die twee saam
in ‘n duursame, aantreklike muur-afwerking wat voortdurend verhard
en boonop omgewingsvriendelik is.

Tegniese Inligtingstuk

Nature-all is ‘n tradisionele verf met unieke eienskappe wat dit van moderne verwe onderskei. Daarom word dit op ‘n ander manier aangewend. Nature-all is ‘n kalsium hidroksied suspensie in water. Tydens aanwending verdamp die water en verbind die kalsium hidroksied met die koolstofdioksied in die atmosfeer om kalsium karbonaat te vorm. Soos die proses plaasvind, droog Nature-all en verbind dit met die muur-oppervlak. Nature-all is poreus; nadat dit aangewend is, laat dit die muur toe om asem te haal, en verhoed dit dat vogtigheid vasgevang word.

Voorbereiding
Berei oppervlakke wat met Nature-all geverf gaan word voor, deur stof en ander los partikels te verwyder en verseker dat nuut geboude oppervlakke goed droog is. Organiese groei op die oppervlak moet met geskikte middels behandel word (soos ‘n flou oplossing van bleikmiddel) waarna dit deeglik met water afgespoel moet word. Bevogtig altyd die oppervlak voordat Nature-all aangewend word.

Aanwending
Gebruik ‘n geskikte langhaar-verfkwas en wend Nature-all aan met horisontale, vertikale en diagonale bewegings (hale). Nature-all moet egalig aangewend word en deeglik in die oppervlak ingewerk word. Sorg dat eindstukke waar stroke oorvleuel klam bly tydens aanwending. Dun lae moet aangewend word aangesien dikker lae sal kraak wanneer dit droog is. Laat ten minste 24 uur toe tussen die lae. Bevogtig die oppervlak voordat die volgende laag aangewend word. Dit mag nodig wees om meer as 2 lae Nature-all aan te wend voordat die gewensde resultaat verkry word. Een liter Nature-all dek ‘n oppervlak van 3 tot 6 vierkante meter, afhangend van die aard van die oppervlak.

Meng jou eie kleure
Nature-all is in wit beskikbaar vir binne-of buite-afwerking. Dit kan egter tot pragtige skakerings vermeng word deur die toevoeging van spesiale pigmente, wat by u handelaar te kry is.

Veiligheid
Kalsium hidroksied het ‘n hoë pH en toepaslike persoonlike beskermingstoerusting moet te alle tye tydens hantering gedra word nl. oogbeskerming, handskoene en oorpakke.

Raad en inligting word te goedertrou verskaf. Dit is belangrik dat gebruikers van Nature-all seker maak dat dit die regte produk vir die taak is, kennis neem van die aanwendingsprosedure en ‘n vaardige werksmag met die nodige kennis gebruik.

P & B Lime Works
P & B Kalkwerke

Kom meer te wete! Kry die naam van jou naaste handelaar
by Sammy Thompson. Bel hom by (028) 424 1157 of e-pos
sales@pandblime.co.za